Ark Blitz



Liewe Gr 1 Ouers

Om aan God gehoorsaam te wees beteken Hy is nommer 1 in jou lewe. Dit is 'n belangrike vereiste vir die verhouding tussen ons en God. Ons kyk na die plandraer Abram en die eerste gebod

Belofte:

Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan… So **baie** sal jou nageslag wees

(1 Junie) **Les 16 - MAAK MY VOL**

Maats lees: Gen. 11 en 12:1-7 en 15:1-7

In die land van die Galdeërs was daar 'n stad Ur. Dit is hier waar die groot stad Babilon gebou is. Dit is ook die land van waar een van God se belangrikste beloftedraers vandaan kom: Abram. Tera het 3 seuns gehad: Abram, Nahor en Haran. Toe Haran sterf het Abram sy seun Lot aangeneem. Intussen het Tera van 'n land gehoor, Kanaän. Hy het besluit om saam met sy oorblywende twee seuns en hul families daarheen te trek al langs die Eufraatrivier. Dit was 'n lang pad veral met al hul diere en besittings. Toe hul in die stad Haran aankom, het hul besluit om in die stad te woon. God het met Abram gepraat. Hoe weet ons nie, maar Abram het geweet dit was God wat met hom praat. God het 'n boodskap vir Abram gehad: "Jy moet uit jou land gaan, weg van jou familie af na die land wat Ek jou sal wys" en 'n belofte. Abram al 75 jaar, stel God eerste en gehoorsaam Hom. Met sy vrou Sarai, sy broerskind Lot en al hul besittings trek hul na Kanaän 'n vreemde land weg van sy famille en alles wat hy ken. God wil graag no. 1 wees van ons lewens. Hy is lief vir ons en wil vir ons sorg. Daarom het Hy 'n cool plan uitgedink en besluit om vir Abram te gebruik om vir mense te wys hoe gelukkig 'n mens kan wees as Hy no1 is en om Sy goedheid en sorg by die mense uit te bring. In Kanaän het die Here aan Abram verskyn en hom gesê: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land." Daar bou Abram 'n altaar vir God. Abram se boerdery was suksesvol en hul het algaande suidwaarts getrek. 'n Swaar hongersnood in die land laat Abram na Egipte trek. Daar het hy nie vir God eerste gestel nie en gejok oor sy vrou. Die Egiptenare het aan Abram baie goedgedoen oor Sarai en hom baie besittings gegee. Toe die Farao dit agterkom het hy Abram en sy familie met al besittings uit die land gestuur. Abram het terug getrek na die plek waar hul tente in Kanaän gestaan het. Abram se boerdery was steeds suksesvol. God was getrou, want die plan wat God lank gelede vir Abram gewys het, het begin werk. In Abram se tyd het die oudste seun alles van sy pa geërf en die naam van die pa voortgedra. Abram en Sarai het nie kinders gehad nie. Abram het gedink sy slaaf Eliëser sal al sy besitting kry. Hy het soms gewonder of God se plan gaan werk. Weer het God vir Abram 'n belofte gegee. "Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan. So baie sal jou nageslag wees." Abram het toe in hierdie cool plan van God geglo en die Here het dit goedgevind dat Abram bereid was dat God hom gebruik om die plan waar te maak.

Stel God 1ste